

21 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5
Fokusgedeelte: DL, 1:12

Hoe kan ek seker wees ek is uitverkies?

God wil nie hê dat ons sal twyfel of onseker sal wees oor ons uitverkiesing nie. Hy wil graag hê dat ons vaste sekerheid daaroor sal hê dat ons wel uitverkies is. Op sy tyd verseker Hy ons self van ons ewige en salige uitverkiesing. Party mense kry hierdie versekering vroeg in hulle lewens en ander kry dit eers later. 'n Mens kan dit egter nie kry deur nuuskierig in die verborge dinge van God te probeer rondkrap nie. Nee, God self sal hierdie versekering op sy tyd aan jou gee.

Hoe gee God dan hierdie versekering aan sy kinders? Hoe kan ek seker wees ek is uitverkies? Ek kan seker wees ek is uitverkies as ek die vrugte van die uitverkiesing in my eie lewe sien. Dit is vrugte soos 'n ware geloof in Christus, dat ek God kinderlik vrees, die berou wat ek oor my sonde het, my dors na geregtigheid, ensovoorts. As hierdie dinge in my lewe aanwesig is, is ek beslis uitverkies! Hierdie dinge kan net in uitverkorenes se lewens voorkom, want hulle is juis die gevolg of die vrug van my uitverkiesing.

Johannes skryf (1 Joh 5:13): "Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo." Hier gee die Woord aan ons die versekering dat as ons in Jesus glo het ons die ewige lewe en as ons die ewige lewe het is ons ook uitverkies!

As ek die gevolg of die vrug van die uitverkiesing in my lewe sien, vervul dit my met "geestelike blydschap en heilige vreugde," sê ons belydenis. Blydschap en vreugde, want hierdie vrugte is my waarborg: God het my, wat die ewige dood verdien, uitgekies om ewig saam met Hom te lewe!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~